



'n Affodil*

April 2022

LEES: 2 Kor 12:9

TEMA: God se genade is oorvloedig

"My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is."

Hierdie woorde is God se antwoord op Paulus se intense gebede wat hy gebid het binne-in sy swaarkry. God neem Paulus nie uit sy ellende nie, maar sê aan hom (direk uit die Grieks):

"GENOEG is vir jou my genade".

Met die klem op 'genoeg', verwys God na die talle seëninge wat Paulus alreeds in oormaat van God ontvang het, onder andere, die geloof, liefde, wysheid en beskerming; en daarby ook nog 'n Verlosser en vertrooster.

Ja, Paulus het al so baie ontvang dat dit alreeds oorgenoeg behoort te wees. Daarby kom ook nog dat hy al hierdie dinge onverdiend, alleen deur God se goedheid, ontvang het – daarom behoort hy meer as tevrede te wees. En nou - kyk hoe redeneer Paulus: Hy skryf dat hy eerder bly wil wees oor sy swakheid, want juis dan is Christus besig om kragtig in hom te werk. *Hy wil eerder God se krag in sy ellende ervaar as om sonder God in sy eie welvaart te wees.*

Baie van ons sit vandag ook met ons eie pyne, ellendes en tekortkominge. En soos Paulus word ons gebede nie verhoor soos wat ons verwag nie. God het 'n ander pad vir ons bepaal. Daarin moet ons berus, meer nog, ons moet bly wees, want juis dan gaan ons in ons swakheid God se krag ervaar.

Deur onself te onderwerp aan God se wil met ons lewe, weet ons dat Hyself (en al sy seëninge) uit genade met ons is. Al is die pad waarop Hy ons plaas vol kronkels, weet ons dat dié pad heenlei tot in die ewige lewe. Dink vir 'n oomblik terug aan u lewe. Telkens was dit dat Hy, uit genade, u verder geneem het. Dit is deur sy genadige en kragtige werking dat u vandag kan en mag leef.

Temidde van die ellendes en verleidinge van die wêreld, die aanslae en teistering van die bose en die duiwel self, is dit ons genadige Vader wat ons op die regte pad hou. Moet daarom nie opstandig of teleurgesteld raak in God nie. Dit is juis wat Satan wil hê. Nee, God is onveranderlik ons genadige Vader. Bly bid en hou aan om u vertrouwe in Hom stel. Juis wanneer ons op ons ellendigste voel, word God se krag meer, raak Sy genade oorvloediger.

Hy wat in ons woon, wil/sal ons help!

Genadige Vader, Gee aan my berusting in U wil, gee aan my blydschap omdat U steeds met my is. Laat my verby my eie swaarkry kyk, om eerder U te wil prys vir U kragtige werking in my.

... Amen.

*Volgens Jes 35:1 sal die affodille (Ou Vertaling = narsing, die presiese blom is nie duidelik nie) in die dor woestyn staan, om die vermoede pelgrim (v3-6) te bemoedig. Sodat hulle ellende en smart sal verdwyn en hulle vol vreugde en blydschap sal aankom in Jerusalem (v10).

Opgestel deur ds Paul Geertsema
En versprei deur Geref. Kerk Brackenhof
kantoor@gkbrackenhof.org.za